Sondag

24 Maart 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

**Lied 281**

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons borg en steun.
As die donker ons laat steier,
vind ons rus by U alleen.
Ons Bewaker, ons Bewaker,
U, die God wat ons bewaar -
U, die God wat ons bewaar.

## Woorddiens

Tema: Kruis woorde 3: Verlatenheid

Skriflesing: Matteus 27:46

### Broodjies vir die pad

“If Christ played doubt, so must we. If Christ spent an anguished night in prayer, if He burst out from the cross, "My God, my God, why have you forsaken me?" then surely we are also permitted doubt. But we must move on. To choose doubt as a philosophy of life is akin to choosing immobility as a means of transportation.”
— Yann Martel, Life of Pi

“In me there is darkness,
But with You there is light;
I am lonely, but You do not leave me;
I am feeble in heart, but with You there is help;
I am restless, but with You there is peace.
In me there is bitterness, but with You there is patience;
I do not understand Your ways,
But You know the way for me.”

“Lord Jesus Christ,
You were poor
And in distress, a captive and forsaken as I am.
You know all man’s troubles;
You abide with me
When all men fail me;
You remember and seek me;
It is Your will that I should know You
And turn to You.
Lord, I hear Your call and follow;
Help me.”
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

“That a good man may have his back to the wall is no more than we knew already, but that God could have His back to the wall is a boast for all insurgents forever. Christianity is the only religion on earth that has felt that omnipotence made God incomplete. Christianity alone felt that God, to be wholly God, must have been a rebel as well as a king. Alone of all creeds, Christianity has added courage to the virtues of the Creator. For the only courage worth calling courage must necessarily mean that the soul passes a breaking point -- and does not break. In this indeed I approach a matter more dark and awful than it is easy to discuss; and I apologize in advance if any of my phrases fall wrong or seem irreverent touching a matter which the greatest saints and thinkers have justly feared to approach. But in the terrific tale of the Passion there is a distinct emotional suggestion that the author of all things (in some unthinkable way) went not only through agony, but through doubt. It is written, "Thou shalt not tempt the Lord thy God." No; but the Lord thy God may tempt Himself; and it seems as if this was what happened in Gethsemane. In a garden Satan tempted man: and in a garden God tempted God. He passed in some superhuman manner through our human horror of pessimism. When the world shook and the sun was wiped out of heaven, it was not at the crucifixion, but at the cry from the cross: the cry which confessed that God was forsaken of God. And now let the revolutionists choose a creed from all the creeds and a god from all the gods of the world, carefully weighing all the gods of inevitable recurrence and of unalterable power. They will not find another god who has himself been in revolt. Nay (the matter grows too difficult for human speech), but let the atheists themselves choose a god. They will find only one divinity who ever uttered their isolation; only one religion in which God seemed for an instant to be an atheist.”
— G. K. Chesterton, Orthodoxy

“In the cross of Christ God is taking man dead-seriously so that he may open up for him the happy freedom of Easter. God takes upon himself the pain of negation and the God forsakenness of judgement to reconcile himself with his enemies and to give the godless fellowship with himself.
~ Theology of Play, p.33”
— Jürgen Moltmann

### Die Stropers: Dor plek verwerp

*Leon van Nierop*

**Die Stropers met Alex van Dyk en Brent Vermeulen**
**Regisseur: Etienne Kallos**
********

Hierdie draaiboek moes deur verskeie verwerkings gegaan het alvorens die verwikkelde storie en komplekse karakters hul plek gevind het. Hoewel soms te stadig en selfvertroetelend, is dit

Michal Englert se atmosferiese kinematografie en die deurleefde spel van Brent Vermeulen as die introvert Janno in ’n identiteitskrisis, en Alex van Dyk as die rebelse Pieter, wat vir die vierster-gradering sorg.

Temas, soos ’n gay-subtema, waar Janno met sy seksualiteit worstel, asook sy persoonlike stryd hieroor, word te veel onderspeel, maar as ’n rolprent oor ’n jonge wat smag om iewers te hoort, en wat na liefde in watter vorm ook al soek, werk dit op verskeie vlakke.

As ’n kinematograaf al ooit die ongenaakbare Suid-Afrikaanse, spesifiek die Vrystaatse, landskap raakgevat het in beeld, is dit Englert. Dit is ironies dat hy ’n Pool is, en dat hy daarin geslaag het om die harde son en fel Afrika-lig te temper en die landskap visueel te verstaan.

Hy gee ’n strak voorkoms aan ons land soos jy selde in ’n Suid-Afrikaanse fliek sien. Son wat op beeste se rûens blink, stof, asook bruingeel, dor grasvelde en bruin grond word briljant vergestalt.

Die rolprent gaan oor ’n straatkind, Pieter, wat hom skielik in ’n tipiese Afrikaanse plaashuis bevind. Maar ook met sy prostitusie-agtergrond pas hy nie in nie. In die huis is die introvert en mismoedige boerseun Janno, wat dit moeilik vind om homself te verstaan en met Pieter vriende te maak. Gaan die plaas eendag syne wees? Sal die konserwatiewe vaderfiguur (die altyd betroubare Morné Visser) die plaas eendag vir hom gee?

Die Afrikaner-plaashuis, die bedreigings buite, die plaasroetine en die kultuur word raak weerspieël. Hier is geen woede of politieke agendas nie. Net ’n Afrikanergesin wat in ’n persoonlike krisis verkeer en nie noodwendig so sterk aan sekere politieke ideologieë gebonde is nie, maar wél aan die voorgeslagte se wette en voorskrifte.

Dit gaan ook oor twee uiteenlopende seuns wat van mekaar verskil en ’n stil stryd voer om die volwassenes se liefde te wen. Die wye en droewe land wat hulle omring (ook hul beklemde innerlike landskap) en die invloed van Calvinisme wat in die gesin wortel geskiet het, word beklemtoon. Dit word verder in die voorkoms van die eenvoudige plaashuis weerspieël. Volpunte aan Mickey Erasmus en Barry Parvess se kunsregie.

Selfs die rugbytonele, asook die jonges se Christelike byeenkomste waar hulle saam bid en hande vat, word met begrip uitgebeeld sonder deklamerende regisseursintimidasie en voorskriftelikheid. Die toeskouer verstaan die gebede, die vrees en tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word, veral in die manier waarop die regisseur, Etienne Kallos, dit in sy onderspeelde regie uitbeeld. Dit word verder onderstreep deur die eenvoudige, atmosferiese musiek, dikwels net in teisterende enkelnote.

Die stroewe gelatenheid van die gesin, die disintegrasie van die werklikheid van die oupa met Alzheimer se siekte (Danny Keogh), en sy woede teenoor inkommers laat ’n nasmaak. Ook die hunkering na liefde, aanvaarding en seksuele voorkeure geniet aandag, hoewel laasgenoemde sterker kon gewees het.

Die bruin kleurskakerings buite én binne het ’n subtiele invloed op die kyker, en stem hom/haar dikwels tot ernstige introspeksie. Ook simbole soos die hoender-eiers en kuikentjies wat uitbroei, die weerloosheid in Janno se oë, en waarskuwings soos: “Daar is so min van ons oor,” weerklink in die stiltes. Voeg daarby die seun wat van die strate af ingekom het en hom met ’n brandsiek brak vereenselwig, en die boodskap raak net sterker.

Selfs die sielsmoeë ma (Juliana Venter), wat soos een van die verdorde mielieplante lyk, lewer kommentaar op die beklemmende atmosfeer.

Uiteindelik gaan die rolprent oor karakters in ’n verdorde landskap wat hulle nie meer daar wil hê nie. Hulle is tydelike immigrante.

Dit is geen gehoor-vriendelike rolprent wat ’n voorspelbare storie vertel as jy na vermaak soek nie. Die treffendste beeld is ’n dam vol onrustige water (simbolies van veral Janno) in ’n verskroeide landskap. “Jy moet binne dood wees om in hierdie land te oorleef,” sê die buitestander as kommentaar hierop.

Hier is ’n besonder moeilike en taai fliek wat absolute toewyding van sy gehoor vereis.

Wil jy dit waag?

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/die-stropers-dor-plek-verwerp-20190317

## Brood vir die pad

### Lydenstyd herinner aan die woestyntye

Gedurende die kerklike seisoen van Lydenstyd is daar heelwat mense wat ’n aanpassing in hul lewenstyl maak deur iets waarvan hulle baie hou, in hierdie tydperk op te gee. Vir sommige is dit sjokolade of wyn. Vir ander weer koffie of sosiale media.

Hoe ook al, dié soort praktyke hou verband met die eeue-oue gebruik in sommige kerklike tradisies om die 40 dae van Lydenstyd te vas, gedagtig aan die tyd dat Jesus voor die aanvang van sy aardse bediening in die woestyn deurgebring het. Gedurende hierdie tyd, so lees ons in onder meer Lukas 4, is Jesus deur die duiwel versoek en het hy niks geëet nie.

In een van haar oordenkings vestig die priester-skrywer Barbara Brown Taylor pertinent die aandag op die feit dat dit juis in die woestyn was waar Jesus honger en versoekings beleef het.

Sy herinner daaraan dat woestyntye en wildernis-ervaringe – wat verskillende vorme kan aanneem – onvermydelik deel van die lewe is. In haar woorde: Sooner or later, every one of us will get to take our own wilderness exam, our own trip to the desert to discover who we really are and what our lives are really about.

Sulke woestyntye kan tye word om by wyse van spreke met ons eie duiwels te worstel, om die spoke in die gesig te staar wat ’n houvas op ons denke en lig-game het. Dit is tye wanneer ons moontlik op ’n intense wyse op fisieke, morele of geestelike vlak getoets word.

Ons skram meestal weg van dié soort selfondersoek en stryd. Dalk omdat ons die waarheid aanvoel van W.H. Auden se woorde in die epiloog van sy gedig “The Age of Anxiety”: *We would rather be ruined than changed, / We would rather die in our dread / Than climb the cross of the moment / And let our illusions die*.

Tye wanneer ons egter wel eerlik en sonder ver-dowing met die werklikhede en uitdagings van ons lewens worstel, kan ook bevryding bring. Taylor wys daarop dat dit immers in die woestyn was waar Jesus bevry is van die versoeking om ’n ander weg as die kruisweg te gaan, waar hy klarigheid oor sy roeping verkry het.

Lydenstyd kan inderdaad ’n tyd wees wanneer ons, ook deur geestelike dissiplines, hernude fokus ten opsigte van ons prioriteite en roeping kan vind. En dalk ontdek ons saam met die intensiteit van moontlike aanvegtinge en versoekinge die gepaardgaande teenwoordigheid van hulpgewende kragte. – Lees ons nie ook dat toe Jesus teruggekeer het uit die woestyn hy vol van die krag van die Gees was nie? – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/lydenstyd-herinner-aan-die-woestyntye-20190315

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877